



CLEAN AUDITS SINCE 2010/11



Ons gee gestalte aan 'n beter toekoms!
We shape a beter future!
Sibumba ikamva elingcono!

Lêer verw: 15/3/4-3/Erf 2513
15/3/6-3/Erf 2513
15/3/13-3/Erf 2513

Navrae:
A. de Jager

30 November 2021

Planscape
Posbus 557
MOORREESBURG
7310

Per Geregistreerde Pos

Geagte Meneer/Dame

VOORGESTELDE ONDERVERDELING, AFWYKING EN VRYSTELLING VAN ERF 2513, DARLING

U aansoek, met verwysingsnommer 284-2513-Darling, gedateer 15 September 2021, namens S.R. and C. Davey, het betrekking.

- A. Uit hoofde van die bevoegdheid wat ingevolge Raadsbesluit 4.1, gedateer 28 Maart 2019, aan die Senior Bestuurder: Bou-omgewing gedelegeer is, soos bepaal deur artikel 79(1) van die Swartland Munisipaliteit: Verordening insake Munisipale Grondgebruikbeplanning (PK 8226, gedateer 25 Maart 2020), word die aansoek vir onderverdeling van Erf 2513, Darling, ingevolge artikel 70 van die Verordening goedgekeur, onderhewig aan die voorwaardes dat:

1. STADSBEPLANNING EN BOUBEHEER

- Erf 2513, Darling word onderverdeel, in Gedeelte A (groot 1 655m²) en die Restant (groot 2 513m²);
- Die buitegebou op gedeelte A nie vir menslike bewoning gebruik word, alvorens die gepaste bouplanne deur Swartland Munisipaliteit goedgekeur is en toepaslik aan die bouwerke uitvoering gegee is nie.
- 'n Reg van weg serwituut op gedeelte A ten gunste van die restant geskep word;
- Die wetlike sertifikaat wat, ingevolge artikel 38 van die Verordening, die oordrag van enige onderverdeelde gedeelte magtig, nie uitgereik sal word alvorens daar aan die toepaslike voorwaardes voldoen is nie;

2. ELEKTRISITEIT

- Elke onderverdeelde gedeelte van 'n afsonderlike elektriese aansluiting op koste van die eienaar/ontwikkelaar voorsien word;
- Enige verskuiwings van elektriese kables oor die betrokke onderverdeelde gedeelte verskuif word op koste van die eienaar/ontwikkelaar;
- Enige elektriese tussenverbinding geïsoleer en ten volle verwyder word;
- Die elektrisiteitsaansluiting aan bestaande langspanning netwerk gekoppel word;
- Addisioneel tot bogenoemde, die ontwikkelaar of eienaar/ontwikkelaar aanspreeklik is vir kostes rakende die elektrisiteitsaansluitings aan onderverdeelde gedeeltes. Stephan Kellerman kan gekontak word by: 083 6677 894 vir 'n kwotasie;

3. WATER

- Die onderverdeelde gedeelte op bouplanstadium van 'n aparte wateraansluiting voorsien word;
- Die aansluitingspunt geplaas word waar Gedeelte A by Langfonteinstraat aansluit;

4. RIOLERING

- ~~a) Die onderverdeelde gedeelte op bouplanstadium van 'n aparte rioelaansluiting voorsien word;~~

Rig asseblief alle korrespondensie aan:

Die Munisipale Bestuurder
Privaatsak X52
Malmesbury 7299

Tel: 022 487 9400

Faks/Fax: 022 487 9440

Epos/Email: swartlandmun@swartland.org.za

Moorreesburg Tel: 022 433 2246

Kindly address all correspondence to:

The Municipal Manager
Private Bag X52
Malmesbury 7299

Darling Tel: 022 492 2237

Yzerfontein Tel: 022 451 2366

5. ONTWIKKELINGSBYDRAES

- a) Die eienaar/ontwikkelaar is aanspreeklik vir die ontwikkelingsbydrae van R7 623,35 (R10 890,50 x 0,7) vir die grootmaat voorsiening van water, op uitklaringstadium. Die bedrag is aan die Swartland Munisipaliteit betaalbaar, geldig vir die finansiële jaar van 2021/2022 en kan daarna hersien word (mSCOA 9/249-176-9210);
 - b) Die eienaar/ontwikkelaar is aanspreeklik vir die ontwikkelingsbydrae van R7 340,83 vir die grootmaat verspreiding van water, op uitklaringstadium. Die bedrag is aan die Swartland Munisipaliteit betaalbaar, geldig vir die finansiële jaar van 2021/2022 en kan daarna hersien word (mSCOA: 9/249-174-9210);
 - c) Die eienaar/ontwikkelaar is aanspreeklik vir die ontwikkelingsbydrae van R3 631,57 vir riolering, op uitklaringstadium. Die bedrag is aan die Swartland Munisipaliteit betaalbaar, geldig vir die finansiële jaar van 2021/2022 en kan daarna hersien word (mSCOA: 9/247-144-9210);
 - d) Die eienaar/ontwikkelaar is aanspreeklik vir die ontwikkelingsbydrae van R5 987,78 vir strate en stormwater, op uitklaringstadium. Die bedrag is aan die Swartland Munisipaliteit betaalbaar, geldig vir die finansiële jaar van 2021/2022 en kan daarna hersien word (mSCOA: 9/240-184-9210);
 - e) Die eienaar/ontwikkelaar is aanspreeklik vir die ontwikkelingsbydrae van R4 358,90 vir elektrisiteit, op uitklaringstadium. Die bedrag is aan die Swartland Munisipaliteit betaalbaar, geldig vir die finansiële jaar van 2021/2022 en kan daarna hersien word (mSCOA: 9/253-164-9210);
 - f) Die Raadsbesluit van Mei 2021 maak voorsiening vir 'n 40% korting op ontwikkelingsbydraes aan Swartland Munisipaliteit, behalwe vir voorwaarde 5.a), wat ten volle betaalbaar is. Die korting is geldig vir die finansiële jaar van 2021/2022 en kan daarna hersien word;
- B. Uit hoofde van die bevoegdheid wat ingevolge Raadsbesluit 4.1, gedateer 28 Maart 2019, aan die Senior Bestuurder: Bou-omgewing gedelegeer is, soos bepaal deur artikel 79(1) van die Swartland Munisipaliteit: Verordening insake Munisipale Grondgebruikbeplanning (PK 8226, gedateer 25 Maart 2020), word die aansoek vir boulynafwyking op Erf 2513, Darling, ingevolge artikel 70 van die Verordening goedgekeur, onderhewig aan die voorwaardes dat:

1. STADSBEPLANNING EN BOUBEHEER

- a) Die 2m agterboulyn op Gedeelte A verslap word na 1m, ten einde die bestaande buitegebou te akkommodeer, soos in die aansoek voorgehou;
- b) Die boulynafwyking beperk word tot die lengte van die bestaande buitegebou wat oorskry en dat die agterboulyn steeds 2m vir die vakante deel van Gedeelte A is;

2. ALGEMEEN

- a) Enige bestaande dienste wat die restant en onderverdeelde gedeelte aan mekaar koppel, verskuif en/of ontkoppel word, sodat elke erf se pypwerk op die betrokke erf geleë is;
 - b) Indien die uitbreiding van enige bestaande dienste nodig sou wees om die onderverdeelde gedeelte van diensaansluitings te kan voorsien, dit vir die koste van die aansoeker sal wees;
 - c) Die goedkeuring is, ingevolge artikel 76(2)(w) van die Verordening, vir 'n tydperk van 5 jaar geldig. Alle goedkeuringsvoorwaardes moet binne die 5 jaar tydgleuf nagekom word en versuim daaraan sal tot gevolg hê dat die goedkeuring verval. Indien alle voorwaardes egter binne die voorgeskrewe tyd nagekom word, vestig die onderverdeling permanent en is die goedkeuringsperiode nie meer van toepassing nie.
- C. Die registrasie van 'n privaat reg-van-weg serwituut (6m wyd) oor Gedeelte A van Erf 2513, Darling, ten gunste van die Restant, voldoen aan die bepalings van artikel 34 van die Swartland Munisipaliteit: Verordening insake Munisipale Grondgebruikbeplanning (PK 8226, gedateer 25 Maart 2020) en is dus vrygestel van goedkeuring deur Swartland Munisipaliteit.

Die uwe


MUNISIPALE BESTUURDER
per Departement Ontwikkelingsdienste
Adj/ds


Afskrifte: Landmeter Generaal, Privaatsak X9028, Kaapstad, 8000
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste
Direkteur: Finansiële Dienste
Boubeheerbeampte
S.R. and C. Davey, Langfonteinstraat 10, Darling, 7345

**SWARTLAND MUNISIPALITEIT
SWARTLAND MUNICIPALITY**

Vrygestel ingevolge artikel 34 van die Verordening insake
Munisipale Grondgebruikbeplanning (PK 8226 van 25 Maart
2020).

Exempted in terms of section 34 of the Municipal Land Use
Planning By-Law (PN 8226 of 25 March 2020).

2021/11/30
DATUM/DATE


MUNISIPALE BESTUURDER
MUNICIPAL MANAGER

422

3435

G

H

Ged A: 1655m²

796

Buitegebou

1m

J


C

D

2783
**SWARTLAND MUNISIPALITEIT
SWARTLAND MUNICIPALITY**
Onderverdeling toegestaan ingevolge artikel 70 van die
Verordening insake Munisipale Grondgebruikbeplanning
(PK 8226 van 25 Maart 2020), onder lewige aan voorwaardes.

Subdivision granted in terms of section 70 of the Municipal Land
Use Planning By-Law (PN 8226 of 25 March 2020) subject to
conditions.

2021/11/30
DATUM/DATE


MUNISIPALE BESTUURDER
MUNICIPAL MANAGER

Restant: 2513m²

F

194

E

**Onderverdeling van Erf 2513,
Darling in 2 gedeeltes, naamlik:
Gedeelte A (ABCIGH): 1655m²
en Restant (CDEFI): 2513m²**

**Figuur ABCJH is 'n serwituut pad
ten gunste van die Restant**

Project: Erf 2513, Darling

Title: Onderverdelingsplan

Owner: SR Davey & C Davey



Notes:

Datum: 07/09/2021

Reference: 284~2513-Dling



PLANSCAPE
Tel: 022 4334408
planscape@telkomsa.net